Naam en Van: ___________________________


Graad 5: _______________

Datum: _______________

| |
|---|
| ______ |
| **20** |

# Die Geskiedenis van Roomys


Sal jy 'n soet, yskoue roomys op 'n warm, sonnige dag kan weerstaan? Natuurlik nie! Maar dit sal natuurlik lekker wees om uit te vind waar roomys vandaan kom.



**Die eerste tipe roomys is amper drie duisend jaar gelede in Sjina gemaak.** Dit was 'n mengsel van sneeu, melk en rys. Die resep het van Sjina na Europa versprei. Die Romeinse keiser, Nero, het 'n gevriesde nagereg geëet wat uit 'n mengsel van sneeu, heuning en vrugte bestaan het.

Die Mughal-keisers van Asië het hulle perderuiters gebruik om sneeu en ys van die berge na Delhi te bring. (Delhi kan baie warm raak!). Die ys was gekombineer met vrugtevullings om verkoelde nageregte te skep.

Toe die Italiaanse hertogin, Catherine de Medici met Henry II van Frankryk getrou het, het sy gegeurde sorbet resepte na Frankryk gebring. Haar Italiaanse sjefs het vir elke dag van die bruilofsvieringe verskillende gegeurde vrugteroomyse gemaak.



Een honderd jaar later was Charles I van Engeland so beïndruk deur die "bevrore sneeu" dat hy die resep in strengste geheimhouding gehou het. Tot en met die 1800's was roomys 'n gesogte en duur gereg wat slegs deur die rykes geniet kon word.

Dit was eers in 1832 wat die Withuis sjef, Augustus Jackson, begin het om verskeie gewilde roomysgeure te skep wat hy in blikkies verpak en versprei het. Hy het as die 'Vader van Roomys' bekend gestaan.



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

Tegnologiese vooruitgang het die produksie van roomys moontlik gemaak. In 1843 is die eerste hand-slinger roomysmasjien in Engeland en Amerika bekendgestel. Hierdie uitvindsel het die vervaardiging van roomys verbeter.

Vandag is daar ongelooflik baie verskillende roomysgeure – enige geur waaraan jy kan dink! Die gewildste geure is vanielje, sjokolade, aarbei en kruisement. **Wat is jou gunsteling?**



### Hoe werk 'n hand-slinger roomysmasjien?

Aanvanklik is twee houers van hout gebruik - met die een houer binne die ander. Die roomysmengsel is in die kleiner houer voorberei en die spasie tussen die twee houers is met ys en sout gevul. Deur sout met ys te meng verlaag jy die vriespunt. Jy kan temperature tot laer as -14c bereik.

## Afdeling A: Begripstoets

1. Wanneer is die eerste tipe roomys gemaak? (1)

______________________________

2. Is die volgende stellings waar of onwaar? (2)

   a. Die roomys wat in Sjina gemaak is, was 'n mengsel van sneeu, melk en ys.

   ______________________________

   b. Die eerste hand-slinger roomysmasjien, het uit twee houers van hout bestaan waarvan die een met ys en die ander met sout gevul was.

   ______________________________

3. Verduidelik hoe die Mughal-keisers sneeu en ys in die hande gekry het.(1)

______________________________

______________________________

4. Wie was die 'Vader van Roomys'? (1)

______________________________



twinkl besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

5. Verduidelik hoe Augustus Jackson roomys verpak het. (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

6. Noem 2 van die gewildste roomysgeure. (2)

_______________________________________________

7. Wat is jou gunsteling geur? Motiveer jou antwoord. (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

**Totaal Afdeling A: (10)**

## Afdeling B: Taalstrukture en Konvensies

1. Gee 'n antoniem vir die volgende woord: Duur (1)

_______________________________________________

2. Skryf die volgende sin in die ontkennende vorm:

   Tot en met die 1800's was roomys 'n gesogte en duur gereg wat slegs deur die rykes geniet kon word. (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

3. Gee die vergrotende trap van die volgende woord: Gunsteling (1)

_______________________________________________

4. Gee die meervoud van die volgende woorde: (2)

   a. Dag _______________________________________

   b. Jaar _______________________________________

5. Skryf die volgende sin in die verlede tyd. (1)

   Vandag is daar ongelooflik baie verskillende roomysgeure.

_______________________________________________

6. Vul die ontbrekende voornaamwoorde in. (2)

   a. Die Italiaanse hertogin was mal oor roomys. __________ gunsteling roomys was sorbet.



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

b. Die Romeinse keiser het 'n gevriesde nagereg geëet. ___________ het 'n mengsel van sneeu, heuning en ys gekombineer.

7. Wat noem ons iemand wat in Amerika bly? (1)

_______________________________________________

8. Onderstreep die byvoeglike naamwoord in die volgende sin:

Die ys was gekombineer met vrugtevullings om verkoelde nageregte te skep. (1)

**Totaal Afdeling B: (10)**

## Afdeling C: Skryf 'n Paragraaf



Kyk na die prent en skryf 'n paragraaf oor wat jy sou doen as jou roomys op die grond geval het.

_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________
_______________________________________________



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS